

Woensdag 18 Januarie

Skrifgedeelte: Johannes 5:18-29

Fokusgedeelte: Johannes 1:34

“... Hy is die Seun van God”

Watter monumentale twee dae in die lewe van Johannes die Doper: vanaf 'n blote kennis van sy neef Jesus, via “... daar is die Lam van God ...” na “... wat die sonde van die wêreld wegneem ...” na “... Hy wat met die Heilige Gees doop ...” na die getuienis: “Hy is die Seun van God”!

Dis alles genadewerk: niemand kan dit vanself ontdek nie – dit kom van Godgegewe lig (Joh. 1:7-10; 3:19); die kennis skei mense: die ongelowige Jode wil Jesus doodmaak (Joh. 5:18), terwyl ander daardeur oorweldig word (Matt. 16:16, 17); die antichris openbaar homself deur te ontken dat Jesus die Seun van God is (1 Joh. 2:22, 23); en ander is oorweldig deur die liefde van God soos in die Seun geopenbaar (Joh. 3:16-18).

As jy erken dat Jesus die Seun van God is, beteken dit dat jy God eer (Joh. 5:23) en alreeds van die oordeel vrygespreek is (vs 24). Daarteenoor: om Hom nie as Seun te erken en te eer nie, is die hoogste ontering van God – en ver-seker jou van 'n lewe van slawerny (Joh. 8:31-34) en onherroeplike veroorde-ling (Heb. 10:29).

Vir die radelose en verskrikte sondaar is die Godgestuurde goeie nuus: “As jy in die Seun van God glo, is jy in die Seun en in die Vader ... en jy het die ewige lewe” (1 Joh. 2:24, 25)! Jou Redder, Verlosser en Saligmaker is niemand anders nie as die Seun van God Self. Dit is die getuienis van die Woord en die Gees: “... en julle het niemand anders nodig om julle te leer nie ... Sy Gees leer julle alles ... (en) is die waarheid: soos Hy julle geleer het, moet julle in die Seun bly.” Net dit!

Sing: Skrifberyming 4-8

Ds. DC (Chris) Coetsee (Emeritus)